

12 Januarie

**Skrifgedeelte: Jesaja 40:18-31**

**Fokusgedeelte: Jesaja 40:21, 36**

### **Ons vertrou op God wat enig, uniek en die almagtige Skepper is**

Waarop vertrou ons? Die oudheid het gode gehad. Destyds het 'n ambagsman 'n beeld gemaak. Soms is dit met goud of silwer versier. Op die ou end kon so 'n afgod niks doen, sê, of hoor nie.

Ons behoort te weet (vs. 21): God het daardie goud, silwer en hout geskep. Die skepping getuig self daarvan. Die aarde met alles daarop behoort aan Hom. Die Woord bevestig dit.

Die Babiloniërs het weer die sterre as gode beskou. Terwyl hulle God se volk in ballingskap weggevoer het, kon gevra word: Is die sterre magtiger as God? Die Here verbied dat die sterre vereer word (Deut. 4:19). Wie regtig besin oor die heelal, sien duidelik: God is die Skepper (vs. 26). 'n Generaal ken elke eenheid se grootte, naam, hulle vermoë en watter bydrae hulle in die geveg kan lewer. Die Here ken die presiese getal sterre. Hy het aan elkeen dié naam gegee wat die aard daarvan beskryf. Hy sorg dat elkeen daar bly.

Die Seun van God is die Middelaar. Deur Hom het God alles geskep (Joh. 1:3; Kol. 1:16). Deur Hom het Hy ons, sondaars, ook met Hom versoen. God het ook sy Gees gegee om in ons te werk. Sy doel met dit alles is dat ons saam met die skepping kan verkondig: die Here ons God is enig en uniek. Hy is die Almagtige wat alles en almal geskep het en steeds onderhou. Ons moet op Hom alleen vertrou.

Wie dit nie doen nie, is sonder verskoning (Rom. 1:20).

Sing: Psalm 19:1, 2 (Totius)

Ds. JH Jordaan (Vereeniging '95)